Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE KOMITEEKAMER: KORPORATIEWE DIENSTE OP WOENSDAG, 18 JULIE 2018 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter lees 'n paar aanhalings/lewenslesse voor van die voormalige President van Suid-Afrika, Nelson Rolihlahla Mandela (beter bekend as Madiba) ter nagedagtenis aan die vader van demokrasie en ter viering van Internasionale Mandeladag op datum.

Rdl O M Stemele open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig, maar word daar kennis geneem van die verskoning ontvang vanaf die Speaker, rdl M Rangasamy.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 WATER SKAARSTE

Die voorsitter hou die statistieke van die stand van damvlakke voor, naamlik:

- Bergrivierskema = 84,7%
- Clainwilliam = 96,3%
- Misverstand = 100% (loop oor)
- Theewaterskloof = 40,3%
- Voëlvleidam = 54,8%

VIR KENNISNAME

4. NOTULES

4.1/...

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 14 JUNIE 2018

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 14 Junie 2018 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die skrap van paragraaf 7.27(o).

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

Geen

6. MAANDVERSLAG T.O.V. MEI 2018

[Nota: Die prestasie- en finansiële inligting t.o.v. Kwartaal 4 word ingesluit in die artikel 52 MFMA-verslag wat op 26 Julie 2018 aan die Raad voorgelê sal word, vandaar die voorlegging van slegs addisionele verslae soos van toepassing op die betrokke direktorate.]

6.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die voorsitter spreek sy kommer uit, met verwysing na die rioolverslag, dat die Rioolsuiweringswerke van Moorreesburg en Darling nie volgens die neergelegde standaarde bedryf word nie.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat daar vanaf die 2018/2019 finansiële jaar in die begroting voorsiening gemaak word vir die opgradering van vermelde werke.

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste vir die periode Mei 2018.

6.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste behandel die verslag en noem dat onderhandelinge met Eskom insake die kragonderbreking in Malmesbury wat gedurende werksure beplan word, nog nie gefinaliseer is nie. 'n Kwotasie word vanaf Eskom afgewag insake die bydrae van Swartland Munisipaliteit tot uitgawes deur Eskom indien die kragonderbreking op 'n Sondag sou plaasvind. Provinsie het reeds 'n bedrag van R250 000 vir hierdie doel bewillig, en was die aanvanklike kwotasie van Eskom ten bedrae van R575 655 nie aanvaarbaar nie.

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die periode Mei 2018.

6.3 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.3.1 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS
6.3.2 BRANDWEERDIENS

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslae van die Direktoraat Beskermingsdienste vir die periode Mei 2018.

6.4 ONTWIKKELINGSDIENSTE

Op navraag deur die voorsitter insake die gesloer met die goedkeuring van oprigting van reklameborde, noem die Direkteur: Ontwikkelingsdienste dat die aangeleentheid deur die bestuurspan bespreek sal word.

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die periode Mei 2018.

7. NUWE SAKE

7.1/...

7.1 OPSOMMING VAN GESPREK MET DIE PROVINSIALE DEPARTEMENT VAN MENSLIKE NEDERSETTINGS OP 22 JUNIE 2018 TEN AANSIEN VAN DIE BEHUISINGSPROBLEME WAT TANS ONDERVIND WORD IN (A) MOORREESBURG EN (B) RIEBEEK KASTEEL (15/3/1)

Protesoptogte het onderskeidelik in Moorreesburg op Donderdag, 3 Mei tot Saterdag, 5 Mei 2018 en in die Riebeek Vallei op Sondag, 10 Junie en Maandag, 11 Junie 2018 plaasgevind.

Die Munisipale Bestuurder, Direkteur: Beskermingsdienste en Uitvoerende Burgemeester het op Saterdag, 5 Mei 2018 met Moorreesburg optoggangers vergader wat hoofsaaklik bestaan het uit inwoners van Sibanye Square en agterplaasbewoners.

Ten aansien van Riebeek-Wes en Riebeek Kasteel was daar in samewerking met die Kommissaris van die Mensreregtekommissie, mnr Chris Nissen, afsonderlike gesprekke volvoer met verteenwoordigers van beide dorpe.

Die item tot die sakelys bevat die resultaat van gesprekke wat hoofsaaklik handel met die noodkreet om behuising.

Die Munisipale Bestuurder noem dat daar toegesien moet word dat Swartland Munisipaliteit nie beskuldig kan word van verontagsaming van die waglyste (queue jumping) nie. Dit moet verder benadruk word dat aangesien die voorsiening van behuising 'n nasionale en provinsiale bevoegdheid is, die projekte slegs van die grond af kan kom met eksterne finansieringsbronne. Geen nuwe projek sal ten koste van die volgende projek op die behuisingspyplyn geskied nie.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem die problematiek rondom die ontvang van addisionele fondse te midde van 'n finansiële jaar. Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat daar nie 'n beperking is op die aantal aansuiweringsbegrotings wat in 'n finansiële jaar gehou kan word nie. Sodra addisionele fondse ontvang word kan dit dus deur middel van 'n aansuiweringsbegroting goedgekeur word om onmiddellik met die projek 'n aanvang te kan neem.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat die vertraging dikwels veroorsaak word deurdat die addisionele fondse eers deur die Regering afgekondig moet word alvorens 'n aansuiweringsbegroting voorgelê mag word.

BESLUIT

(a) Dat daar kennis geneem word van die inhoudelike van die verslag met inbegrip van die aanhangsels;

(b) **t.o.v. MOORREESBURG**

(i) Dat daar kennis geneem word dat die Departement van Provinsiale Menslike Nedersettings hou van die manier (netheid en orde) van die bestaande SIBANYE;

(ii) Dat daar kennis geneem word dat die konsep uitleg – gebaseer op die bestaande formaat van SIBANYE in beginsel vir Mesnlike Nedersettings aanvaarbaar is;

(iii) Dat Swartland Munisipaliteit, so spoedig moontlik die *Project Initiation Document* (PID) moet indien;

(iv) Dat daar kennis geneem word dat indien daar nie enige EIA en soneringsprobleme is nie, die aansoek en befondsing binne twee tot drie maande goedgekeur kan word; en

(v) Dat die konsep uitlegplan en voorstelle ondersteun word, onderhewig daaraan dat die uitleg verdig ("gedensifiseer") word, weens die hoë "aanvraag" aan die een kant en andersins beperkte bronne van finansiering, waar die bestaande erfuitleg en erfgrootte gehandhaaf word, want mense het reeds hul strukture en omheinings opgerig en dat erwe met sy eie dienste van water, riool (toilet) en elektrisiteit met Graad B dienste (m.a.w. grondpaaie en oppervlakte

stormwaterstelsel). Provinsiale Menslike Nedersettings verwys hierna as *"UISP- Stage 3 with Grade B service standards"*.

(c) **t.o.v. RIEBEEK KASTEEL (HEMPSTEAD GROND)**

(i) Dat daar kennis geneem word dat die onderskeie dorps- uitlegplanne vir die Hempstead grond in diepte bespreek was, met goeie insette van die provinsiale kollegas van waar dit inpas, al dan nie, by hulle onderskeie programme;

(ii) Dat Swartland Munisipaliteit versoek word om verder werk te maak van die uitlegte om die maksimale verdigting te verseker, weens hoë aanvraag, beperkte grond en beperkte finansieringsbronne ten einde die maksimum hoeveelheid huishoudings te help, 'n aksie wat reeds volvoer is soos uitgebeeld in Aanhangsel E;

(iii) Dat daar kennis geneem word dat met inbegrip van paragraaf (ii) hierby Menslike Nedersettings die konsep ondersteun van ± 50m² erwe waarop huishoudings geakkommodeer sal word met toegang tot

- eie water
- eie riool en toilet
- eie koopkrag (daar sal ook met ESKOM gekonsulteer moet word) om wanneer die ontwikkeling plaasvind hulle die elektrisiteitsaansluitings moet doen wanneer die informele strukture opgerig word;

(iv) Dat daar kennis geneem word dat Menslike Nedersettings na voormelde projek en dienste verwys as: *"UISP Stage 3 with Grade B service standards"*;

(v) Dat die *Project Initiation Document* (PID) moet so spoedig moontlik ingedien word;

(vi) Dat daar kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit reeds 'n aanvang geneem het met die EIA en die hersoneringprosesse;

(vii) Dat daar kennis geneem word dat Menslike Nedersettings bereid is – gebaseer op voormelde beginsels van optimalisering van beskikbare grond en die omvang van bevoordeling – die projek ten volle te finansier, onderhewig verder daaraan dat:

- Swartland Munisipaliteit 'n ingenieur aanstel vir beplanning, ontwerp en tenderdokumente ingevolge waarvan tenders ingewin moet word, want ASLA as implementeringsagent se aanstelling sluit nie Riebeek Kasteel in nie. (Sodra hierdie gefinaliseer is – en alvorens tenders ingewin word moet daar met die Departement gekonsulteer word);
- Weens die feit dat hierdie 'n ESKOM verspreidingsgebied is, ESKOM eweneens pro-aktief versoek word om befondsing te voorsien;

(viii) Dat daar kennis geneem word dat die beginsel ondersteun word dat Swartland Munisipaliteit menslike kapasiteit kan skep om met die implementering behulpsaam te wees, welke kapasiteit befonds kan word uit die toekenning en die rente daarop verdien, wat impliseer dat die befondsing "upfront" aan Swartland Munisipaliteit beskikbaar gemaak sal word, en dat goedkeuring verleen word dat die ooreenkoms tussen Swartland Munisipaliteit en Menslike Nedersettings gewysig sal word om hiervoor voorsiening te maak;

(ix) Dat daar kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit se Menslike Hulpbronne Departement in oorleg met Ontwikkelingsdienste ingevolge Swartland Munisipaliteit se werwing en aanstellingsbeleide hiermee sal handel;

(x) Dat daar eweneens kennis geneem word dat voormelde projek en inisiatiewe onderhewig is daaraan dat die waglyste se sogenaamde "profiling" en toekenning nougeset nagekom moet word ten einde te verseker dat "queue jumping" nie plaasvind nie.

(d)/...

7.1/...

(d) **RIEBEEK KASTEEL TEN AANSIEN VAN DIE GROND WES VAN DIE TREINSPOOR EN NOORD VAN DIE WYNKELDER**

(i) Dat daar kennis geneem word dat Provinsiale Menslike Nedersettings hou van die pro-aktiewe benadering, sowel as die benadering van integrering van gemeenskappe en besef dat voormelde grond eiesoortige uitdagings inhou;

(ii) Dat die geïntegreerde konsep wat Swartland Munisipaliteit voorhou word in beginsel ondersteun, onderhewig aan die volgende handelinge wat suksesvol volvoer moet word:

- Gewillige koper/verkoper konsep as eerste prys;
- Inwin van markwaarde eiendomspryse;
- Gesprekvoering met eienaars wat nie op ‘n gewillige basis sou wou verkoop nie en die ondersoek na moontlike onteiening;
- Volledige EIA;
- Hersonering;

(Dat daar verder kennis geneem word van die moontlikheid van besware t.o.v. die EIA, hersonering en aankoop, welke prosesse ook tot litigasie mag lei en die proses kan vertraag);

(iii) Dat daar met dankbaarheid kennis geneem word dat Menslike Nedersettings voormelde inisiatief van geïntegreerde behuising ondersteun en ook bereid is om die aankoop van grond – hetsy op ‘n gewillige basis of op ‘n basis van onteiening te befonds.

7.2 JAARLIKSE VERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENING-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE FINANSIëLE JAAR EINDIGEND 30 JUNIE 2018 (8/1/B/2)

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2017 tot 30 Junie 2018 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die 2017/2018 Jaarverslag van die Voorsieningskanaal-bestuursbeleid se implementering ingevolge artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies, asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);

(b) Dat verder kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 April 2018 tot 30 Junie 2018 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties was om die mark te toets en dus ‘n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningskanaal-bestuursbeleid genoodsaak het (Aanhangsel D).

7.3 GOEDKEURING VAN DIE GELYKE INDIENSNEMINGSPLAN VIR DIE PERIODE 1 JULIE 2018 TOT 30 JUNIE 2023 (4/9/1/2/B)

Die Gelyke Indiensnemingsplan vir die periode 1 Julie 2018 tot 30 Junie 2023 is aan die hand van die Wet op Gelyke Indiensneming (Wet 55 van 1998) en die Wysigingswet op Gelyke Indiensneming (Wet 47 van 2013) opgestel.

Die konsultasieproses het reeds op 7 September 2017 begin en die finale konsep-plan is op 7 Junie 2018 aan die Gelyke Indiensnemingsforum voorgelê vir aanbeveling aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte Gelyke Indiensnemingsplan vir die periode 1 Julie 2018 tot 30 Junie 2023 goedkeur vir implementering met ingang van 1 Julie 2018.

7.4 UITSTAANDE DEBITEURE: JUNIE 2018

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.
BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Junie 2018.

7.5 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE: JUNIE 2018 (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 Junie 2018 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.6 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT AS GEVOLG VAN DIE DROOGTE (17/5/1/1)

Die Uitvoerende Burgemeester het op 28 Junie 2017 die Swartland munisipale area tot 'n rampgebied verklaar weens die erns van die voortslepende droogte en die water skaarste wat ondervind word.

Die aanvanklike verklaring is geldig vir 'n periode van drie maande, waarna dit op 'n maand-tot-maand basis verleng moet word.

Die damvlakke is nog nie na wense nie, en is 'n verlenging van die verklaring nodig om nasionale en provinsiale ondersteuning te verkry in oplossings om volgehoue watervoorsiening te verseker.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland munisipale gebied tot 'n plaaslike ramp weens die aanhoudende droogte met gepaardgaande water skaarste verleng vanaf 11 Augustus 2018 tot 10 September 2018;

(b) Dat 'n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot 'n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.7 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT: BRAND BY SWARTLAND HOSPITAAL(17/5/1/1)

Die verklaring van die Swartland Hospitaal tot 'n plaaslike ramp is na oorlegpleging met die betrokke Provinsiale Departemente en die Weskus Distriksmunisipaliteit in die Provinsiale Koerant, No 7785 van 23 Junie 2017 afgekondig.

Die verklaring is aanvanklik vir 'n periode van drie maande van krag, waarna dit op 'n maand-tot-maand basis verleng moet word.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland Hospitaal as gevolg van die verwoestende brand tot 'n plaaslike ramp verleng vanaf 30 Julie 2018 tot 29 Augustus 2018;

(b) Dat 'n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot 'n plaaslike ramp te ondersteun;

7.7/...

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.8 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: OPLEIDING VAN WETSTOEPASSINGSBEAMPTES (8/1/B/2)

Die behoefte aan opleiding van Vredesbeamptes het ontstaan uit ‘n doelwit van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan om strenger te fokus op die wetstoepassing en invordering van uitstaande skulde.

‘n Totaal van 27 werknemers is voorlopig genominieer om die opleiding by te woon wat plaaslik deur die Nelson Mandela Universiteit aangebied sal word.

BESLUIT

(a) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om goedkeuring te verleen vir die opleiding van 27 amptenare as Vredesbeamptes deur die Nelson Mandela Universiteit;

(b) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse soos volg aangeken word:
(i) Nelson Mandela Universiteit is die enigste instansie wat volle geakkrediteerde opleiding aanbied;

(c) Dat kennis geneem word dat die uitgawe ten bedrae van R98 550.00 (BTW vrygestel) verreken word teen posnommer 9/213-1195-953 (*Training: Efficiency Development*);

(d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER